

24 Desember - WYN

Skrifgedeelte: Spreuke 23:29-35

Fokusgedeelte: Spreuke 23:31

Salomo waarsku hier dringend en ernstig teen die sonde van dronkenskap. Hy waarsku die gelowige om versigtig te wees vir versoekings wat tot hierdie sonde kan verlei.

Hy waarsku dat jou dat die wyn jou nie moet verlei as dit so rooi is nie. Rooiwyn was in Kanaän as die beste wyn beskou. Daarom is die wyn genoem: "Die bloed van die druiwestok."

In hierdie Skrifgedeelte word die ernstige gevolge van dronkenskap verduidelik. Ons lees: sterk drank pik soos 'n slang. Iemand wat baie dronk is, verloor sy bewussyn en doen dinge wat hy nie kan onthou wanneer hy weer nugter is nie. Iemand wat dronk is, sug en steun; hy maak rusie en kla. Hy besef nie dat hy self die oorsaak van al sy ellende is nie. Drank maak jou oë bloedbelope, sodat jy vreemde dinge wat nie bestaan nie, sien. Dit voel of jy op die oop see lê; of jy bo-op 'n seilskip se touwerk lê.

Sterk drank laat jou ook verkeerde dinge sê en doen. Wanneer jy dronk is, het jy nie meer selfbeheersing nie en het alle vrees in jou lewe verdwyn. Iemand wat hom dronk drink, is dwaas want hy maak van homself 'n bespotting en 'n gek.

Vandag is wyn en ander alkoholiese drank orals beskikbaar. Gaan kyk gerus wie die mense is wat dag vir dag by die drankwinkel drank koop. Dit is daardie mense wat vasgevang is deur die gif van die sterk drank en wat daaraan verslaaf is. Hulle kan nie uit die kloue van selfvernietiging kom nie.

Daarom waarsku die Woord van God jou hier baie duidelik: Moenie dat sterk drank jou verlei wanneer dit so lekker smaak nie. Wanneer jy te veel daarvan drink, pik dit soos 'n slang; spoeg dit gif soos 'n kobra.

Psalm 68:1 (1936-beryming)

Ds PJ van der Walt (Ladybrand-Tweespruit)